Hoërskool Framesby 50
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 73: 5 Februarie 2016

SKOOLGELD-VERPLIGTINGE

Soos al dikwels in die verlede gemeld, is Framesby, soos baie ander skole, in die posisie waar die skool in alle opsigte, behalwe vir die salarisse van die staatsbesoldigde onderwysers, vir alle finansiële uitgawes wat nodig is om die skool te laat funksioneer, verantwoordelik is. Die skool is egter nie 'n dienslewerende of produserende besigheid waarin dienste teen betaling gelewer word, of waar vervaardigde produkte verkoop word nie. Met die opstel van die jaarlikse begroting word daar met die grootste omsigtigheid te werk gegaan om te verseker dat met werklik die minimum koste vir die ouer, ons steeds die beste opvoeding moontlik aan ons leerders kan bied. Hierdie begroting kan egter net tot uitvoering kom indien die fondse wel inkom, en gereeld inkom. **Dis ondenkbaar dat enige ouer sy of haar kind in hierdie tipe skool kan inskryf en verwag dat ander ouers se bydraes hul kind se skool-loopbaan sal finansier.** Elke ouer het reeds die betalingsbeleid van die skool ontvang, en u moet asseblief aandui op watter manier u die skoolfonds sal betaal. Die terugkeer-strokie moet Maandag by die skool ingehandig word.

In hierdie beleid word die verskillende betalingsopsies uiteengesit. Dit is kortliks as volg:

1. Betaling d.m.v. debietorder of aftrekorder.
2. Kontantbetaling of per kaart direk by die skool.
3. Betaling met 'n SAMBA-kaart (Navrae oor voordele by 041 363 2727)

Die frekwensie-van-betaling-opsies is as volg:

1. 'n Eenmalige betaling van R14 490 teen 28 Februarie (10% afslag)
2. R1 600 teen 31 Januarie en 10 maandelikse bedrae van R1 450 teen die 7de van elke maand. (Februarie tot November)

Aansoeke vir kwytskelding of vermindering, (aansoekvorm en stawende dokumente) moet teen Maandag 9 Februarie by Mev. Victor ingedien word. Neem asseblief kennis dat die skool geen bydrae van die staat ontvang wanneer kwytskelding wel verleen word nie.

ASSESSERINGKALENDERS

Skoolgebaseerde assessering (SGA) is 'n kardinale element van die akademiese program en elke skool word volgens die Onderwyswet verplig om die leerders, sowel as hul ouers, so volledig moontlik oor hierdie program in te lig.

Die Assesseringkalenders word vandag aan elke leerder voorsien. Die kalenders vir Graad 8 en 9, en dié vir Graad 10, 11 en 12, is van mekaar geskei ten einde. Indien u kinders in beide hierdie skoolfases het, sal u vandag twee kalenders ontvang.

Ons wil u vriendelik versoek om hierdie kalender op 'n prominente plek in u huis te plaas en u voortdurend te vergewis van die take en toetse waarvoor u kind(ers) verantwoordelik is. Die SGA-punte dra in alle vakke 'n minimum-gewig van 25% van die finale bevorderingspunt. Alle aktiwiteite is ook VERPLIGTEND!

FEBRUARIE IS
DIE MAAND VIR
OMGEE!

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Jaric Swart 8E

Sondag
Hune Erwee 10B
Franco van Rooyen 9A

Maandag
Keithan Booysen 9A
Chrischane Goliath 10B
André Kapp 8B
Jeanne-Luc Moore 11B
Carl Senyane 10E

Dinsdag
Calvin Kemp 12C
Ryno Schoeman 11D

Woensdag
Tristan de Vos 9F
Kathline Scannell 10E

Donderdag
Ruan Gerber 10A
Andrea Hanekom 8A

Vrydag
Janno Agenbag 10B
Dylan Ferreira 12C
Lyle Richardson 12A
Leon Terblanche 11B

ONS LEERDERS IS BESIG!

FANTASIA NEEM BOKNES OP HORINGS!

Framesby is vanjaar 50 jaar oud, en oor al hierdie jare is Framesby bekend vir kore van uitstaande gehalte. Reeds sedert die vroeë sewentigs is standaarde hier gestel wat moeilik deur ander geëwenaar kon word. In 1981 het die Framesby-koor ‘n Internasionale Koorkompetisie in Nederland gewen, en die jaar daarna is ons koor aangewys as die wenner van die SAUK TV-kompetisie – die beste skoolkoor in Suid-Afrika! In 1985 het die koor ‘n tweede buitelandse toer onderneem, en het hulle voor die Pous opgetree. Die koorleidster van daardie jare, mev. Juanita Lamprecht, is tans die leidster van die NMMU-koor wat intenasionaal groot aansien geniet. Sy het in die vroeë 90’s die leisels oorgegee aan mej. Zéta Strydom, wat in die jare daarna die koor tot groot hoogtes gelei het, en in 1996 as die wenner aangewys is in die nasionale ATKV Applous-kompetisie. In 2000 het die koor met ‘n meer moderne aanslag gekom waar van moderne begeleidingsbande (“backtracks”) gebruik gemaak word, en is die naam verander na Framesby Fantasia. Sedertdien handhaaf hulle steeds ongelooflik hoë standaarde en is hulle een van die GROOT Framesby-“uitvoerprodukte”.

In hierdie feesjaar sal Fantasia weer baie prominent wees met verskeie optredes en konserte. Hulle gaan ook vanjaar deelneem aan ‘n nasionale koorkompetisie wat in Augustus op George aangebied word. Ter voorbereiding het hulle verlede Vrydag vertrek op hulle jaarlikse oefenkamp wat by die Voortrekkerkampterrein op Boknes gehou is. Daar is ongelooflik hard gewerk en hulle het sommer binne die eerste 2 uur note begin aanleer. Hulle was ook bevoorreg om ouers daar te hê wat smaaklike etes en versnaperings voorberei het. Hulle het darem nie net gewerk nie, en het die Saterdagmiddag ná ‘n lang, harde, uitputtende en snikhete warm dag van oefen en nogmaals oefen almal in die strandmeer gaan swem en hulle gate uit geniet. Mej. Strydom het beklemtoon dat die koor groot planne het vir die jaar. Fantasia spog hierdie jaar met altesaam dertig entoesiastiese seuns en vyftig ywerige meisies as toegewyde koorlede, vars nuwe soliste, asook ‘n repertorium van wêreldwyd bekende liedjies van klassieke sowel as populêre aard. Ons wens die koor alle voorspoed toe en sien uit na hul reeks vertonings wat reeds op 12 April begin.

ANNEKE KRY GROOT ERKENNING!

Sedert sy in 2012 as ‘n Graad 8 leerder by Framesby begin het, het Anneke Kapp op die sportveld uitgeblink. Sy vaar besonder goed in krieket, maar dit veral in atletiek waar sy al wonderlike hoogtes bereik het. Anneke het nog nie ‘n SA Skole-kampioenskappe of SA Junior-kampioenskappe gemis nie, en verlede naweek het die besondere eer haar te beurt geval deurdat sy uitgenooi is na n atletiek–werks-winkel wat in in Johannesburg aangebied is.

Slegs 115 van die land se beste junior en senior atlete is na die geleentheid uitgenooi. Van Suid-Afrika se top atlete, soos Wayde van Niekerk, het die geleentheid bygewoon. Dis ‘n ongelooflike prestasie, Anneke, en is darem ook ‘n pragtige beloning vir al jou harde werk en toewyding. Framesby is ongelooflike trots op jou!

2015 SE AKADEMIESE PRESTEERDERS

Lizelle Botha (86,7%)
Anchen Bosch (86,2%)
Stehan Krause (85,7%)
Déan Nell (85,0%)
Anel Gerber (84,7%)
Michael Landman (84,7%)
Annalien van Rooyen (84,2)
Elrich Botha (84,0%)
Dané Cronjé (83,5%)
Nina Olivier (83,2%)
Ina-Mari van Niekerk (83,2)
Charl Stander (83,3%)
D J van der Merwe (82,8%)
Kevin de Klerk (82,7%)
Karlien Strydom (82,3%)
Jozua Marais (82,0%)
Juan Cumberlege (81,5%)
Clarise Stow (81,2%)
Renée Nell (81,0%)
Janine van Niekerk (80,8%)
Karl Bernhardt (80,5%)
Maryna Rheeder (80,5%)

Hiermee wens ons graag ons 2015-Matriekklas geluk met hul pragtige uitslae! Ons is BAIE trots op hulle en wens hulle net die beste toe vop die pad vorentoe. Die 22 leerders op die lys hiernaas is ons top-presteerders wat almal met onderskeiding geslaag het. Lizelle Botha was ons beste presteerder en het 7 onderskeidings behaal. Nina Olivier en Ina-Mari van Niekerk het ook elk 7 onderskeidings behaal, terwyl Annalien van Rooyen 7 onderskeidings in haar 8 vakke behaal het. Anchen Bosch, Anel Gerber, Michael Landman en Dané Cronjé het 6 onderskeidings behaal. Voorwaar 'n PRAGTIGE prestasie! Baie geluk ook aan ons Top 20's in die ander grade.



2015 – TOP 20: GRAAD 8, 9, 10 EN 11

GRAAD 11

1 . Willem Adriaan Odendaal
2 . Ian Gerber
3 . Luan Naude
4 . Lara Havenga
5 . Roelof Roodt
6 . Anjelieke Ferriera
7 . Jason Kaufman
8 . Bernard McDonald
9 . Annemié Blignaut
9 . Tian Smit
11 . Arné van Heerden
12 . Carissa Struwig
13 . Chanel Kelsey
14 . Kyle Snyman
15 . Chante Hugo
16 . Jacquetta Puchert
17 . Carlen Rudolph
18 . Aniéke van Jaarsveld
19 . Ruben le Roux
20 . Rochelle Hugo

GRAAD 10

1 . Ludévin Parkinson
2 . Keitlin Mitchell
3 . Caroline J v Rensburg
4 . Marico Bence
5 . Sanri Marx
6 . Ansunel van Rooyen
7 . Leah Nell
8 . Liza-Marli Swanepoel
9 . Lené Siebert
10 . Charl van Greunen
11 . Waldo Kilian
12 . Divan Bessinger
12 . Tiaan Coetzee
14 . Cameron Lee
14 . Wiandré Pieters
16 . Aletia van Zyl
17 . Ruan Botha
17 . Danielle du Toit
19 . Hanli Lintvelt
20 . Danél Senekal

GRAAD 9

1 . Megan Tait
2 . Corné Geldenhuys
3 . Paula Oberholzer
4 . Jaco Gerber
5 . Mieke Alberts
6 . Kayla Bester
7 . Ruan Reinhardt
8 . Marné Olivier
9 . Ingeborg Jordaan
10 . Luan Ras
11 . De Potgieter
11 . Elzabé van Niekerk
13 . Mieke Stroebel
14 . Elizabeth Terblanche
15 . Lané Ingram
16 . Huné Erwee
17 . Niél Alberts
18 . Tristin Oelofsen
19 . Chandré Botha
20 . Maryke Friend

GRAAD 8

1 . Carli van Onselen
2 . Elizabeth Ferreira
3 . Nicole Hamilton
4 . Elné Vosloo
5 . Kaylin Vorster
6 . Cené Odendaal
7 . Eugene Postma
8 . Gérrida Stadler
8 . Nicole Steenkamp
10 . Elouise Moolman
11 . Jaden Terblanche
12 . Deidri Odendaal
13 . Nina Woithe
14 . Christine Hart
15 . Christo Grobler
16 . Gihahn Abrahams
16 . Leon Botha
18 . Kara van Heerden
19 . Ruan du Preez
20 . Julia Botha

ALGEMEEN EN SIELSKOS

LEWE IN DIE HOOP

DIE Bybel roep ons voortdurend op om nie moedeloos te word nie, maar om te bly hoop op God wat alle dinge in sy hande hou en die mag het om alle kwaad te oorwin en die goeie te laat triomfeer. Dit is 'n boodskap wat ons vandag in ons omstandighede baie nodig het. In tye soos dié waarin ons tans lewe, is 'n mens geneig om teen al die negatiewe dinge vas te kyk en dan net die slegste van die toekoms te verwag. Dit is ook inderdaad 'n uiters moeilike tyd waarin ons lewe. Ons word elke dag deur die nuusmedia ingelig oor al die stryd, oorlog en ellendes, dood en vernietiging wat in die wêreld aan die gang is. En ons ervaar daagliks aan die lyf dinge in ons eie land wat dit uiters moeilik maak om positiewe verwagtinge vir die toekoms te bly koester. Daarmee saam is daar nog die talle dinge wat in elkeen van ons se persoonlike lewe skeef loop. Dit is dikwels asof elke moment van blydskap in ons lewe bedreig word deur talle irritasies en teleurstellings wat daarop bereken is om ons lewensvreugde te vernietig en ons moedeloos te maak. Desondanks word ons in die Bybel opgeroep om te bly hoop. Dit kan volledig onrealisties lyk. Maar die hoop waartoe die Bybel ons oproep, het niks te make met die optimisme wat gebou is op allerlei indikasies dat dinge in die wêreld of in ons land besig is om ten goede te verander nie. Die Bybelse hoop is die verwagting van die dinge wat ons nog nie sien nie (Heb 11). Dit is die geloof dat God nie beheer oor die wêreld verloor het nie, maar dat Hy in die gang van die geskiedenis met alles wat daarin gebeur, besig is om sy koninkryk te laat kom. En dit het nie net betekenis vir die ewigheid nie, maar ook vir ons aardse bestaan waarin ons telkens mag belewe dat God selfs uit die kwade die goeie gebore laat word. Dit gee aan 'n mens die krag om moedig en dapper voort te lewe, ondanks alles wat skeefloop. Dit gee die taaiheid om onder teenslae uit te hou in die vertroue dat God nog daar is en dat Hy magtig is om ook die duisternis van hierdie nag in die lig van 'n nuwe dag te verander. Maar wat meer is: dit bewaar ons van die versoeking om tou op te gooi en in gelatenheid die wêreld en die toekoms oor te gee aan die magte van vernietiging en geweld. Dit roep ons daartoe op om op grond van die beloftes van God onsself tot beskikking te stel van die toekoms waarop ons hoop, en nou reeds in ooreenstemming daarmee te lewe. Die opstanding van Jesus uit die dood is nie net die vaste grond van ons hoop op die ewige lewe nie. Dit is ook die grond vir ons hoop dat God reeds in hierdie wêreld tekens van sy koninkryk tot stand laat kom. En omdat ons daarop hoop, stel ons onsself tot diens van die goeie om elke dag in verantwoordelikheid die wil van God na die beste van ons vermoë te doen.

Uit *Die Burger* 12 April 1989

HOE OM 'N WENNER TE WEES

"Wen is nie alles nie, dit is die enigste ding" Dié stelling is 'n baie negatiewe en gevaarlike siening van wat veronderstel is om iemand te motiveer om sy beste te lewer. As dit die manier is hoe jy groot gemaak is, sal dit daartoe lei dat jy 'n baie asosiale en negatiewe persoon sal wees wat nie verantwoordelikheid vir sy dade sal wil aanvaar nie, Jy sal glo dat JY die belangrikste mens is en dat alles wat JY doen is slegs om JOU beter te laat vaar in die lewe.

Hier teenoor staan die Moderne Olimpiese leuse lynreg "DIE BELANGRIKSTE DING IS NIE OM TE WEN NIE, MAAR OM DEEL TE NEEM." Die motivering moet dus meer daaroor gaan om jouself uit te leef in dit wat jy doen en geniet. Jy kan sukses behaal deur positief te wees in alles wat jy aanpak. Wenners is nie altyd uitblinkers nie en uitblinkers is nie altyd wenners nie!

Elkeen van ons besit die potensiaal om te presteer in 'n gebied waarop ons fokus. Ja, jy kán droom. Dit gaan egter oor hoe graag jy dié droom wil verwesenlik. Om suksesvol te wees vereis deeglike voorbereiding. Hoe beter voorbereid … hoe beter sal jou selfvertroue wees. Dus moet jy leer dat sukses kom slegs na harde werk. Besef dat alle suksesvolle mense ook soms foute maak. Erken jou foute en neem verantwoordelikheid vir jou besluite.

WEES NOU PASSIEVOL EN JAAG JOU DOELWITTE NA. ONTHOU OM NIE MOED TE VERLOOR AS DIT SWAAR GAAN NIE. AS JY POSITIEF BLY SAL JY 'N WENNER WORD IN DIT WAT JY DOEN. STERKTE MET DIE AVONTUUR!!!

Touch
Omgee begin by my

Ondersteun die MB-Omgeeprojekte